01

JAARGANG 23 | 31 JANUARIE 2025

# VRY POS

LOER | LEES | LUISTER | LEER

EPIFANIE

NG Kerk
Vrystaat

NG Kerk Vrystaat



Celicia McLean

# REDAKTEUR

### BYDRAES EN NAVRAE

voor 12:00 Dinsdae na
**cmclean@ngkvs.co.za**

***Lig in die duisternis,***
*hier vir God, mekaar en die wêreld*

## FOTO'S

Canva | Unsplash | Flickr | Pexels
Pixton | *Tensy anders vermeld*

## ARTIKELSKRYWERS

Leon M Foot | Andries Gous | Enrico Casaleggio | Magdaleen du Toit | Mariëtte Odendaal | Stéphan van der Watt | Cobus Hamman | *Kerkbode* | *VrydagNuus,* Kaapkerk | *Bybel-Media* | *CLF* | *TOIBO* *Bybelgenootskap SA*

## EPIFANIE

Epifanietyd daag ons uit om voor God se aangesig te leef en ons identiteit dáár te laat vorm. God is ook op onverwagse plekke teenwoordig en ons kan aanleer om God buite ons eie kring raak te sien. Ons oë en ore moet oop wees vir eietydse simbole van God se teenwoordigheid in ons midde. God se lig het in 'n donker wêreld kom skyn. Dit kan nie uitgedoof word nie en dit begelei ons op ons lewenspad (1 Joh 1:6 en Joh 1:4-5). Epifanietyd gee ons 'n oor vir sy hartklop aan ons deur. *(Lourensrivier Gemeente)*

## DAGBOEK DÍT

**VROUE TOERUSTINGSKAMP**
*Wees stil en weet, Psalm 46:11*
21 - 23 Februarie 2025 | **Amanzi Private Game Reserve**

## VOLGENDE VRYPOS

Die volgende uitgawe van *VRYPOS* verskyn op **Vrydag 14 Februarie**. Kyk gerus na ons **webblad-kalender** vir belangrike datums.

# INHOUD


## VRYPOS-FOKUS 03

**BEDIENINGSBEGELEIDING**
*Moet ek die kerk verlaat?*

## ARTIKELS 05

05 | **VENNOTE IN GETUIENIS**
**DEGNOS** | *Die afgelope tyd in oënskou*

06 | **VENNOTE IN GETUIENIS**
**Islam Getuienisaksies** | *Die hele Skrif*

07 | **VENNOTE IN GETUIENIS**
**Nuusflits** | *Christen-wees in die verre ooste, jou geloofsfamilie vertel*

08 | **BEDIENINGSBEGELEIDING**
**HOOP** | *Gedagtes oor "MYSTICAL HOPE", deur Cynthia Bourgeault*

09 | **ALGEMEEN**
**Om gestremd te wees** | *'n Teologie-student vertel*

10 | **ALGEMEEN**
**Die Verlore Skapie** | *Vreugdevolle boek-bekendstelling en pretdag*

## BLÊR-REEKS 2 11

**Die Verlore Skapie** | *12 Kinderstories*

## DIS 'N RING-DING 13

**RING VAN HARRISMITH** | *Gee aandag aan die emosionele en geestelike welstand van ringsleraars*

## MEDIATEEK 14

**BOEK EN INVENTARIS**
**Lovy Pieterse** | *Ek het vergeet ... My Lewe saam met Alzheimers*

## EKOLOGIE 15

**Wêreld-vleilanddag** | *2 Februarie 2025*

## VERJAARSDAE 17

## AKTUEEL | ALGEMEEN 18

18 | **Bevestiging en Intreepreek:** Ds Zak Scholtz (Woodland Hills Gemeenskapskerk)

19 | **Wêreldbiddag vir Vroue 2025:** *Ek het jou wonderbaarlik gemaak*

20 | Advertensies

## OPLEIDING 21

## KERKBODE BROKKIES 23
## PUBLIKASIES 24

## WAT'S NUUS? 25
## KALENDER
## VAKATURES/AFLOSLYS
## PREDIKANTENUUS

## 'N LAASTE GEDAGTE 26

**Cobus Hamman** | *Janu"worry" lei tot plagiaat in die pastorie*

## KONTAK ONS 27



# Moet ek die kerk verlaat?

***Foto:*** *Canva*

**BEDIENINGSBEGELEIDING**
*Dr Leon M Foot*

'n Medegelowige skryf nou die dag aan my oor die vraag of hy die kerk moet verlaat. Hy noem homself een van die "verkramptes" wat 'n probleem het met die "liberale" neiging in die kerk. Hy verskil van die NG Kerk oor bepaalde besluite wat in die laaste paar jaar geneem is: *Kan dié met nuwe sienings nie eerder loop en 'n eie kerk stig nie?* Is dit die oplossing? Geen verskil is genoegsame rede vir kerkskeuring nie. Die Suid-Afrikaanse landskap is vol bewyse daarvan: gelowiges wat eintlik dieselfde glo, maar wat verskillende kerke gevorm het.

Dalk help die Geloofsbelydenis van Nicea ons hiermee. Hierdie belydenis, wat vanjaar 1700 jaar oud is, kom uit 'n tyd toe die gelowiges nog een was. Natuurlik was daar verskille, maar hulle kon saam bely oor dit wat hulle aan mekaar bind.

Ons kom uit 'n tradisie waar ons maklik oordeel oor mense wat van ons verskil – asof ons volledig reg en hulle volledig verkeerd is. En tog skryf Paulus aan die gelowiges in Rome om mekaar te aanvaar al verskil hulle oor kos en heilige dae en wat ook al.

Ons het meer wat ons aan mekaar bind as wat ons verdeel. Slegs wanneer 'n Christus-verduistering intree, kan ons dit oorweeg om weg te breek. Tot dan luister ons (behoorlik) na mekaar, praat ons (liefdevol) met mekaar, en aanbid ons die *een Heer, Jesus Christus wat ter wille van ons saligheid neergedaal het.*


**Lees** meer »

# Seminarium

## BENODIG

NG Kerk
Vrystaat

Kopieë wat nie meer gebruik word nie




deel van kerklike vorming

Himnologie aanbiedings

**Kopieë wat nie meer gebruik word nie** van die publikasie **"Sing nuwe sange, nuutgebore – liturgie en Lied"**, wat 'n verwerking van die doktorale proefskrif van wyle **dr WM Lourens Strydom** is.

Die boek word met groot vrug gebruik in die **Himnologie aanbiedings** as deel van die **Kerklike vorming** van die teologiese studente.

**Kontak dr Johan Nel by seminarium@ngkvs.co.za**

# DEGNOS

**VENNOTE IN GETUIENIS**
DEGNOS
*Andries Gous*

Liewe vriende van DEGNOS

Dankie vir u getrouheid om vir ons en die werk van DEGNOS te bid, u gebede versterk ons en maak dit vir ons moontlik om aan te hou om te werk in die koninkryk van ons Here en ons Meester. Die afgelope tyd in oënskou:

### Video vir *Verre Naasten*

Saam met Anneke Jagau was ons Sondag en Maandag in die veld om beeldmateriaal te versamel vir 'n bekendstellingsvideo van die werksaamhede van die DEGNOS-kleinskooltjies. Anneke het in opdrag van Verre Naasten, as een van ons ondersteuners uit die Nederlande gekom om 'n video te maak van die Vroeë Kinderontwikkelingsinisiatief wat die Here gebruik om mense te bereik onder die San-mense. Die video sal as 'n bewusmakingsveldtog in die Nederlande gebruik word om fondse in te samel vir sendingwerk. **Bid asseblief dat die video sal spreek tot mense en nog 'n instrument sal wees ter bevordering van die Evangelie.**

### Ploeg-geskenk aan Aasvoëlnes

Ons het by ds N!aici op Aasvoëlnes, sowat 260 km Noord-Oos van Grootfontein, gekuier en hoor dat dit met hom en die gemeente goed gaan. Hy het vir ons sy pragtige tuin gewys en vertel van sy planne om met die nuwe ploeg wat geskenk is die grond om te dolwe om groter lande te plant. **Bid asseblief vir ds N!aici se inisiatiewe om die gemeenskap te leer hoe om self kos te produseer.**

### Die Here is sterk

Vroeg in Desember het die dak van die skool op !Kandu afgewaai. Die sware dak, van sowat 800 kg, is van die gebou afgewaai en het sowat 120 meter verder te lande gekom op 'n oop stukkie grond tussen die tradisionele huisies wat rondom die skool gebou is.

**Lees** meer »

***Foto's** verskaf*







# ISLAM

## Die hele Skrif

**VENNOTE IN GETUIENIS**
Islam
*Dr Enrico Casaleggio*

Dit verstom my dat 'n mens dikwels in kerklike geselskap (selfs op sinodale en algemeen-sinodale vlak), wanneer daar oor sake uit die Bybel 'n gesprek gevoer en gedebatteer word, die opmerking hoor: "Dit kan nie belangrik wees nie, want Jesus het niks daaroor gesê nie." Daar kan oor 'n bepaalde saak heelwat uitsprake in die Bybel wees, maar as Jesus nie pertinent iets daaroor gesê het nie, dan dra dit vir sommige mense geen gewig nie. Verstommend!

'n Mens sou baie kon sê oor so 'n siening van die Skrif, maar ten minste sou 'n mens moet sê dat dit 'n totaal verkeerde verstaan van die inspirasie van die Skrif is. 2 Timoteus 3:16,17 is waarskynlik die bekendste teks insake die goddelike inspirasie van die Skrif, as ons daar lees: "Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk."

Die eerste woorde van hierdie aanhaling is veral ter sake, naamlik: "Die *hele* Skrif is deur God geïnspireer ...". (Eie kursief).

---

*Hierdie reeks Islam-artikels het 'n eiesoortige aanslag. Dit kom uit 'n apologetiese hoek en die reeks sal uiteindelik uitkom by 'n antwoord op verskillende vrae wat Moslems vra, byvoorbeeld oor die Godheid van Jesus. Hier is nog 'n artikel in die reeks oor apologetiese gesprekke met Islam.*

Daar is nie 'n hiërargie in die Bybel wat die skrywers betref nie, juis omdat dit in die geheel die Woord van God is. Petrus se woorde is nie belangriker as Moses s'n, of Johannes s'n belangriker as Paulus s'n nie. So ook is die direkte woorde van die Here Jesus nie belangriker of minder belangrik as enige ander persoon s'n nie. Die *hele* Skrif is deur God geïnspireer. Dit is Sy Woord. Die skrywer of aangehaalde spreker bepaal nie die waarde daarvan nie.

Dit is so dat sommige gedeeltes nader aan die sentrum van die Skrif staan, en ander eerder op die periferie is. Die kruisigings-verhaal is byvoorbeeld in die sentrum van die boodskap van die Bybel, terwyl 'n verwysing in Numeri na hoeveel esels en eselinne 'n persoon gehad het, meer op die periferie lê.

Die logiese vraag is: Wat het hierdie verduideliking met ons gesprekke met Moslems te doen? Die feit van die saak is dat Moslems ook so 'n "skrifbeskouing" het. Hulle sal bykans in elke gesprek vra na Jesus se eie woorde, want dit is vir hulle die enigste toetssteen. Vrae soos "Het Jesus sélf gesê Hy is God?" sal in bykans elke gesprek opduik. Dit is dus baie belangrik om vir hulle te verduidelik dat Christene die hele Bybel as God se Woord ag, juis op grond van wat die Bybel self sê.

**Lees** meer »

mission ミッション missie JAPAN

VENNOTE IN GETUIENIS
Missie Japan
*Dr Stéphan van der Watt*

# Nuusflits

## Christen-wees in die verre ooste, jou geloofsfamilie vertel

*"Toe ek die klein ventilasie-vensters op grondvlak in julle kapel sien, het ek gedink dit sal handig te pas kom as die polisie skielik toeslaan en ek moet vlug,"* vertel sy half-glimlaggend, dog ernstig (sien foto van kapel vensters). Haar (skuil)naam is Yukiko en sy kom van een van Japan se naburige lande. Sy is een van ontelbaar baie mense in die ondergrondse kerk daar, wat pal leef in vrees en onsekerheid omdat die owerhede enige tyd kan toeslaan en haar en haar mede-Christene vervolg of selfs doodmaak.

Ons was bevoorregd om na haar getuienis te luister terwyl sy by ons kweekskool (Kobe Reformed Theological Seminary = KRTS) besoek afgelê het.

Yukiko se dogter Akiko (skuilnaam), is nou 'n deeltydse student by ons. Lees hieronder haar getuienis oor hoe sy hier beland het en haar studies ervaar.

AKIKO VERTEL

*Ek het in April 2024 by **KRTS** begin studeer. Die rede hoekom ek my studies hier begin het, was omdat ek gevra is om 'n boodskap te bring in ons Sondag-erediens by die kerk waaraan ek behoort (nie 'n **RCJ gemeente** nie). Die pastoor was besig om kanker-behandeling te ondergaan en was nie gesond genoeg om voort te gaan met gereelde preke nie.*

**Lees** meer »

***Foto:*** *KRTS klas oor Pastoraat saam met Koreaanse studente (verskaf)*



# Hoop

## Gedagtes oor ***MYSTICAL HOPE***

### *deur Cynthia Bourgeault*

**BEDIENINGSBEGELEIDING**
Spiritualiteit Netwerk
*Magdaleen du Toit*

***What you dare not hope for, that is what He gives to you.***

*Broer Roger*
*Taizè-gemeenskap*

Hier aan die begin van die nuwe jaar staan ons reeds oorweldig deur soveel dinge wat gelyktydig op ons afstorm en ons lewens-energie tap. Die wêreldomstandighede is alles behalwe inspirerend, en in ons persoonlike lewens ervaar baie van ons dinge wat ons mismoedig maak en ons hoop wegkalwe.





*Foto Amazon*

In *Mystical Hope* skryf Cynthia Bourgeault oor die soort hoop waarop ons eintlik nie "kan waag om te hoop nie", soos Broer Roger hierbo sê. Ek sal stuk-stuk oor die verskillende hoofstukke gesels.

### HOOFSTUK 1

*JOURNEY TO THE WELLSPRINGS*

Die skrywer neem ons op reis, 'n reis wat vir ons as individue moontlik begin in wanhoop, in hooploosheid. Ons ervaar almal die wipwa-rit tussen blydskap en pyn, verwagting en teleurstelling ... Maar is dit moontlik om te leef vanuit 'n plek van groter ekwilibrium, gelyk-moedigheid, balans – om 'n dieper, stiller, meer gelykmatige stroom te vind? Hierdie pad is moontlik, sê die skrywer, maar sy loop nie die pad van maklike antwoorde, psigologiese tegnieke, of gemoedelike gemeenplase nie. Die reis van hoop loop oor die berge na die bolope van hierdie dieper stroom – tot by die bronwaters van die Christus-misterie. "This journey to the wellsprings of hope is not something that will change your life in the short range, in the externals. Rather, it is something that will change your innermost way of seeing. From there, invariably, the externals will change."

**Lees** meer »

# Om gestremd te wees

## *'n Teologie-student vertel*

**ALGEMEEN**
Teologiese Opleiding
*Mariëtte Odendaal*

**"Ek sorg byvoorbeeld dat ek elke semester, voordat ons klasse begin, weet waar die lesinglokale van my vakke op die kampus is. Ek gaan soek hulle een-vir-een en memoriseer dan daardie padkaart sodat ek kan weet hoe om van alle moontlike punte tot daar te kom."**

*Nielbert Mostert*
*Siggestremde MTh-student*

Nielbert Mostert is een van 'n drieling wat met 40% sig gebore is. Op vyfjarige ouderdom het hulle gesin vanaf Johannesburg na Bloemfontein verhuis waar hy skoolgegaan en aan die Hoërskool Sentraal gematrikuleer het. Na skool het hy teologie aan Kovsies, die Universiteit van die Vrystaat (**UFS**), gaan studeer en is tans besig met sy MTh. Hy het onlangs sy BTh Honneurs-skripsie oor die Gods-beeld van die Gestremde voltooi.

Ons het by hom gaan inloer om meer te wete te kom oor hoe hy die lewe as siggestremde ervaar.

**Nielbert, hoe het jy as kind van jou siggestremdheid bewus geword en hoe het jy geleer om daarmee saam te leef?**

"Omdat ek as kind daarmee gebore is, het ek nie regtig besef dat ek dinge op 'n ander manier raaksien nie. Dit was nie asof ek iets verloor het nie. "Die feit dat ons drie kinders was en my ouers en familie my nie anders as die ander twee behandel het nie, het my baie gehelp om myself as normaal te beskou. Dit het my geleer om nooit my gestremdheid as 'n verskoning te gebruik nie, maar om my beste te lewer in alles wat ek doen. My broer en suster het my ook baie gehelp deur my aan te moedig en te druk om elke dag by te bly.

**Lees** meer »

***Foto's** verskaf*





# Die Verlore Skapie

## Vreugdevolle boekbekendstelling en pretdag

**ALGEMEEN**
*Mariëtte Odendaal*


Op Saterdag 19 November 2024 het die boekbekendstelling en pretdag van ***Die Verlore Skapie*** by Geloofsentum Universitas plaasgevind. Leon het die geleentheid opgehef met dans en sang, wat die atmosfeer lewendig gemaak het.

Die kinders het dit geniet om saam met hul maats en ouers die dag deur te bring, terwyl gesiggies geverf is en daar 'n nuwe ***Blêr*-liedjie** gesing is. Dit was 'n vreugdevolle dag vir almal wat deelgeneem het.

Die Afrikaanse weergawe van *Die Verlore Skapie* is nou ook in Engels beskikbaar (***The Lost Little Lamb***). Die boek kan gerieflik aanlyn gekoop word via die volgende skakels:




**Die Verlore Skapie**
https://shop.clf.co.za/product/die-verlore-skapie/




**The Lost Little Lamb**
https://shop.clf.co.za/product/the-lost-little-lamb

*Vir enige navrae oor die pretdag of die boek, kontak gerus vir Carlie/Celicia by skakel@ngkvs.co.za*





















***Foto's deur*** *Dandelion Photography*

# Die Verlore Skapie

deur Martin Schwella

## Welkom terug in Blêrfontein

Dit is nuwe seisoen, ja, die winter is verby en dit is heerlike lente in dié pragtige klein dorpie. In die strate is daar bome met klein fyn nuwe blaartjies wat begin groei. Hier en daar is vrugtebome waarvan die bloeisels al mooi uitgekom het. Dit is sekerlik die lekkerste tyd van die jaar vir die diere wat in Blêrfontein gewoon het. Maar, waar is al die diere dan?

Hulle ís daar! Ja, Blêrfontein is altyd besig en aan die gang. Hier kom die plaashond-oom verby gery met sy bakkie – hy is oppad plaas toe. Oom Varkie is opgewonde oor sy tuin, hy sien hoe al die saadjies wat hy geplant het begin ontkiem. Molly het by Juffrou Katryn Kat gaan kuier – Molly wou by haar leer hoe om te brei. Armach Breyntenblaf en Jasper was na Oom Basie toe – die kerk se grassnyer het gebreek en hulle was daar besig in die waenhuis om te kyk of hulle die grassnyer kan herstel.

Daar is Tjoppie! Hy en van die ander skaatplankskape is besig om die skaatsplankpark se bane te verf. ’n Nuwe seisoen roep vir ’n nuwe kleur, of hoe? Dit is buitendien amper tyd vir die groot skaatsplank-toernooi – alles moet inplek wees.

Baie het verander in Blêrfontein, maar tog is daar soveel wat nog dieselfde is …

Daar onder by die kerk sit iemand op die tuinbankie. Wie kan dit dan wees?

Dit is Leon!


Ons ou lammertjie sit alweer en dagdroom. Hy verkyk hom aan die kerk se pragtige tuin – dit lyk vir hom so netjies. Ja, NG Kerk Blêrfontein se kerkgebou is pragtig soos altyd. Die tuin lyk vars en die voëltjies sing vrolik. Dit gee sommer die gevoel van nuwe lewe.

Leon sien die weerhaan wat draai hoog bo in die wind, bo-op die kerktoring – Hy sal nie weer vir sy truuks val nie. Daar het baie gebeur in Leon se lewe en hy sit en wonder oor dit.

Die grootste vir hom was dat hy besef het: hy behoort aan die Herder. Dit het vir hom gevoel soos 'n geskenk wat hy ontvang het – die beste geskenk ooit! Hy behoort.

Die oomblik toe Leon besef het dat hy aan die Herder behoort, was vir hom die grootste gebeurtenis in sy lewe. Terselfdertyd het hy ook gewonder wat volgende op hom wag. "Ek behoort, maar wat nou?" wonder hy en toe hoor hy 'n bekende stem.

"DIE HERDER LEI MY, WAAR EK MOET WEES! LOOF HOM! LOOF HOM!
EK GAAN WAAR HY ROEP, SONDER VREES! LOOF HOM, LOOF SY NAAM!"



DIE VERLORE SKAPIE

**Luister hier**:
*Blêr | Ek behoort aan Jesus*

**Lees** meer »

**ALGEMEEN**
*Mariëtte Odendaal*

# RING VAN HARRISMITH

## gee aandag aan die emosionele en geestelike welstand van ringsleraars




*Ringe in samewerking met* ***Sinodale Bedieninge***

> *"Die wegbreek het aan ons nie net 'n geleentheid van rus gebied nie, maar ook 'n geleentheid waarin ons mekaar kon herinner aan ons roeping ten spyte van die uitdagings van die NG Kerk in die breë, asook die uitdagings wat ons in ons onderskeie dorpe beleef."*
>
> ***Ds Hannes van Deventer***
> *Ringskriba: Harrismith*

Die NG Kerk Vrystaat het in die 2023/24-boekjaar 'n bedrag van R30 000 aan elk van die 15 Vrystaatse ringe beskikbaar gestel om gesamentlike rings-projekte te ondersteun. Die voorwaarde was dat die projekte in samewerking met 'n sinodale bediening onderneem moes word.

In die geval van die Ring van Harrismith het hulle by die sinodale bediening vir Bedieningsbegeleiding ingeskakel. Ons het meer gaan uitvind by hul ringskriba, ds Hannes van Deventer, oor hoe die ring hierdie fonds aangewend het.

**Hannes, vertel meer van julle ring**

"Ja, graag. Die Ring van Harrismith is geleë in die Oos-Vrystaat. Aan die heel suidelikste punt van ons ring is Harrismith geleë en aan die heel noordelikste punt, Villiers. Hierdie twee dorpe is ongeveer 154 km uitmekaar, met die oos- en wespunte 138 km uitmekaar.


"Ons ring bestaan uit tien gemeentes en funksioneer as gevolg van die groot afstande dus redelik onafhanklik van mekaar."

**Dit kan natuurlik veroorsaak dat 'n mens maklik geïsoleerd voel. Wat doen julle ring om dit te vermy en as kollegas mekaar te ondersteun?**

Lees meer »

# EK HET VERGEET ...

## MY LEWE SAAM MET ALZHEIMERS




**Lovy Pieterse**

*AFRIKAANS / SAGTEBAND / 1STE DRUK 2004*

In ***Ek het vergeet*** vertel Lovy Pieterse wat dit behels om 'n eggenoot met Alzheimers te versorg. Sy vertel van haar frustrasies, haar bietjie vreugde en die bondel skuldgevoelens terwyl sy haar man versorg.

Dis die pad waarop 'n mens meer as genade nodig het, en waarop jy jouself nie al te jammer moet kry nie. Sy moes magteloos toekyk hoe hierdie siekte hulle gesin stukkend breek.

Sy vertel eerlik en spaar haarself nie; sy sou baie dinge anders wou doen as sy maar net geweet het ...

## MEDIATEEK **INVENTARIS**

*Loer gerus na die volledige inventaris van die NG Kerk Vrystaat Mediateek, Sinodale Kantoor*

Navrae | **Anelia van den Blink**
**kuratorium@ngkvs.co.za**

**BEDIENINGSBEGELEIDING**
*Dr Leon M Foot*



# Wêreld-vleilanddag

**ALGEMEEN**
*Mariëtte Odendaal*

Op Sondag 2 Februarie word daar wêreldwyd Vleilanddag gevier, maar wat is 'n vleiland presies, en waarom is dit van kritieke belang dat dit bewaar word?

Vleilande is ekosisteme waar water die primêre faktor is wat die omgewing en die verwante plant- en dierelewe beheer. 'n Gebied word as 'n vleiland beskou as dit moerasagtige grond, waterliewende plante en 'n hoë watertafel het. Dit sluit beide varswater-, mariene en kus-ekosisteme in, asook alle mensgemaakte terreine soos visdamme, ryslande, reservoirs en soutpanne.

**Die belangrikheid van vleilande**

- Dit funksioneer as sponse.
- Dit vertraag vloedwater.
- Vleilande is natuurlike filtrasiesisteme vir die suiwering van water.
- Dit bied biodiversiteit.
- Vleilande kan voordelig wees vir ekonomiese groei in gemeenskappe.


Alhoewel vleilande slegs sowat 6% van die aarde se landoppervlak bedek, woon of broei 40% van alle plant- en dierespesies in vleilande.

**Lees** meer »



# Barend Wessels Gedenksentrum









## MEENTHUISE **TE HUUR**

**Barend Wessels Gedenksentrum** is 'n behuisingskompleks in Bloemfontein wat uit meenthuise bestaan en is sentraal geleë naby winkelsentrums. Dié meenthuiskompleks is nie 'n aftree-oord nie en ook nie diere-vriendelik nie.

### HUURBEDRAG

**R7,615** / MAAND

### MEENTHUIS SE LIGGING

NP van Wyk Louwstraat,
Langenhovenpark, BFN, 9301

### KENMERKE

2 Slaapkamers

1 Badkamer

1 Motorhuis

110 m²


**KONTAK ONS VIR MEER INLIGTING** ngkerkvrystaat.co.za ontvangs@ngkvs.co.za (051) 406 6700

# VERJAARSDAE




ngkerkvrystaat.co.za

Wense van voorspoed, God se seëninge en genade vir die nuwe lewensjaar.

## FEBRUARIE

| | | |
|---|---|---|
| 13 | Ds Gerber Roux | HOSPITAALPARK |
| 13 | Ds Ferdi Retief | NOORDHOEK |

# AKTUEEL EN ALGEMEEN

## WOODLAND HILLS NG GEMEENSKAPSKERK

**Bevestiging en intreepreek Ds Zak Scholtz**
**Sondag 2 Februarie 2025 om 09:00**



ANDRÉ, Ds ZAK, TANYA en JANO

**PROGRAMLEIER**
Ds Anton Meiring

**BEVESTIGING MET HANDOPLEGGING**
Ds Anton Meiring

**INTREEPREEK**
Ds Zak Scholtz

**VERWELKOMING EN GELUKWENSING**

**NAMENS DIE GEMEENTE**
Ouderling Johan Lombard

**AS VRIEND**
Dr Heinrich Warnich (NG Kraaifontein)

**NAMENS DIE RING**
Ouderling Piet Coetzer

**VERVERSINGS IN DIE LAPA**




**MAKARIOS**
**EENSLAAPKAMER SELFSORGWOONSTEL**

op woonerf te huur aan NG-lidmate wat in Bloemfontein moet oornag weens gehospitaliseerde familielede

1 SLAAPKAMER | SELFSORG | WOONSTEL | GRATIS WiFi | VEILIGE AREA

**R400** PER NAG

**082 783 0730**
NAVRAE | DS JORS REYNDERS

**R300** PER NAG
langer as 2 dae

Bloemfontein Bybelhuis
## Ouditorium

**Bespreek die ouditorium by die Bybelhuis in Bloemfontein vir jou volgende funksie. Ideaal vir boekbekendstellings, formele aanbiedings en vergaderings.**

Ander voordele sluit in:
- Veilige parkering vir 40 voertuie
- Sitplek vir 100 gaste
- Oudiovisuele toerusting beskikbaar
- Kombuisgeriewe

**Vir besprekings kontak:**
Elrika Senekal-Van der Berg
e: elrika@biblesociety.co.za
t: 051 444 5980
Nelson Mandelarylaan 220,
Bloemfontein

bybelgenootskap van suid-afrika




# "I Made You Wonderful" PSALM 139:14

## Uit die kantoor van die Wêreldbiddag in SA

Die Wêreldbiddag vir Vroue is 'n wêreldwye ekumeniese beweging van Christen-vroue, -mans en -kinders van verskillende lande wat elke jaar op die eerste Vrydag in Maart vergader om 'n besondere dag van gebed te vier. Tydens die Wêreldbiddag vergader gelowiges van verskillende rasse, kulture en kerke, om saam te bid, ons voor God te verootmoedig en vir mekaar in te tree. In Suid-Afrika word die program in nege van die amptelike tale vertaal.


Die Wêreldbiddag word vanjaar op **7 Maart 2025** gehou. Ons vier vanjaar die 95ste jaar in Suid-Afrika. Internasionaal word die Wêreldbiddag reeds vanaf 1887 gevier. Die dag word tans in meer as 170 lande op al 7 kontinente gehou. Dit bly 'n besondere voorreg om jaarliks deel van die Gebedsketting rondom die aarde te wees. Vanaf die son in Nieu Zeeland opkom totdat dit in Samoa sak.

Die kollektes wat ingesamel word, word na die kantoor gestuur en dit stel die Wêreldbiddag in staat om jaarliks donasies aan die Bybelgenootskap sowel as instellings, wat vroue en kinders ondersteun, te maak.

RIGLYNE

BESTELVORM

LEES MEER






Roetemerkers
die oorgange in die lewe met oorga
Oorgangsrituele vir tussenin-tye
roete-merkers
'n Bronboek met roetemerkers vir oorgange
ongekaart
www.bybelmedia.org.za



DAAR IS MEER
ongekaart
Liturgiese bronboeke is jou een-stop-bron vir predikante, liturge en eredienstaakspanne.
BIBLE MEDIA
MISSIO



Kategese
Ontdek die diep betekenis van die doop met hierdie boeke.
Water-merk
Voorberei vir die doop
My Doopboek
Die avont Lisa en
www.bybelmedia.org.za



Het jou besigheid 'n Artikel 18 A sertifikaat nodig vir belastingdoeleindes ?
Engo
Eternal hope • Ewige hoop • Tshepo esafeleng


it's the SEA
of LOVE
RKET
Sat, 08/02/2025
9.00 - 16.00
NUE: JOIN US IN THE GARDEN
erley Rd for THE most amazi
MUSIC, FOOD, DRINKS,
CRAFT BEERS/GIN &
OCAL QUALITY VENDORS
Ent
be
Entrance FEE:
Any toiletry item for the centre.



www.toibo.org.za
ONGEVEER 200 LEE
DRINGEND O
Terug skool toe
Jou
behoeft
onderw
die
waardi
skoolbe
Sken
skryfb
sko
TRANSORANJE INSTITUUT VIR BUITEN
info@toibo.org.za 076 14
ABSA TJEKREKENING 020 840 145 TAKKODE 63


Pinksterreeks / Pente
2025
Laai dit van CLF se Hulpbronsentrum af -
Download it from CLF's Resource centre -
https


GOD'S STORY
MAAK WENNERS VAN ONS JEUG!


50% OFF
selected
ACADEMIC AND THEOLOGY BOOKS
In time for the new 2025 Academic year
Offer valid until 31 March 2025 while stocks last

# OPLEIDINGSGELEENTHEDE




## PASTORALE SORG EN KRISIS INTERVENSIE

Jaarkursus

55 VBO-punte

Aanlyn kursus
Prof Wentzel Coetzer

Lees meer +
**Registreer** +





## PASTORALE SORG - KINDERS EN JONGMENSE

Jaarkursus

55 VBO-punte

Aanlyn kursus
Prof Wentzel Coetzer

Lees meer +
**Registreer** +




## WOEDE AS 'N DESTRUKTIEWE MAG

4 Februarie 2025

5 VBO-punte

Aanlyn Zoom
Prof Wentzel Coetzer

Lees meer +
**Registreer** +




## ONTWIKKEL 'N REGULA / LEWENSRITME

6 Februarie 2025

10 VBO-punte

Aanlyn Zoom
R250 p/p
Sluit 5 Februarie

Lees meer +
**Registreer** +

# Ontmoeting met HEILIGES

13 FEBRUARIE

**FRANCISCUS VAN ASSISI**

22 MEI

**KATHARINA VAN SIENNA**

31 JULIE

**JOHANNES VAN DIE KRUIS**

9 OKTOBER

**THERESA VAN AVILA**









PATOS

Aanlyn dmv Teams

Registrasie

Aanbieder



Dr Lisel Joubert

VBO
VOORTGESETTE BEDIENINGSONTWIKKELING

Netwerk vir Spirituele Begeleiding

# KERKNUUS EN PUBLIKASIES

KERKBODE BROKKIES | PUBLIKASIES

kerkbode BROKKIES

Kollig

*Oorgeneem uit Kerkbode*

**Cas Wepener: Die gif in vergifnis en wrede vrede**

*27 Januarie 2025*
*Cas Wepener*
*Artikels*

**Publieke getuienis: Wat sê die kerk oor ...?**

*22 Januarie 2025*
*Le Roux Schoeman*
*Aktueel, Gewild*

**Jammer vir die pyn van Apartheid, sê dominee aan weduwee**

*22 Januarie 2025*
*Le Roux Schoeman*
*Gewild, Nuus*

**Sendeling oor dogter se maagkanker: 'God sal deur haar getuienis verheerlik word'**

*21 Januarie 2025*
*Heléne Meissenheimer*
*Artikels*

**Jan Lubbe | Uit my Kerkdagboek: Dit is op jóú, die voorletters van Jesus**

*21 Januarie 2025*
*Jan Lubbe*
*Rubrieke*

ELDERS GESIEN

**Dodetal by Stilfontein bekend; hyser bring talle uit die dieptes op**

*16 Januarie 2025*
*Kerkbode*
*Nuus*

kerkbode.christians.co.za

Google **Play** | **App Store**

ONDERSTEUN KERKBODE

**maak 'n donasie**

Bybel-Media

*Oorgeneem uit bybelmedia.org.za*

# **Jaarboek** 2025





**R399**

## Beskikbaar Januarie 2025

Die Jaarboek bevat die sinodale, rings-, gemeente- en predikante-inligting van die NG Kerk, NG Kerk in Afrika, Reformed Church in Africa en familiekerke in die buiteland. Jaarboek van die NG Kerke 2025 verskaf al langer as 170 jaar belangrike inligting oor die NG Kerkfamilie aan predikante, kerkkantore en lidmate. Bybel-Media, uitgewer van die Jaarboek van die NG Kerke, wil ook met hierdie publikasie gestalte gee aan sy leuse: Vennoot in geloof en bediening.

# **Leesrooster vir Lidmate** 2024/25




**R150**

*Leesrooster vir Lidmate* – Advent 2024 tot Koninkrykstyd 2025 – is vanjaar weer aanlyn beskikbaar by **missio.org.za**. Ons bied dit ook aan in 'n **aflaaibare PDF** wat maklik uitgedruk kan word. Stuur asseblief 'n e-pos aan **adele@bmedia.co.za** vir aflaaibare PDF. Geloofstyle vorm weer die element wat hierdie uitgawe se struktuur ondersteun. Die uitgangspunt is dat lesers van mekaar verskil ten opsigte van hulle geloofstyle. Die aanbieding van die vier momente vir elke week gee uitdrukking aan die verskillende geloofstyle.

# **Woord en Fees** 2024/25




**R150**

## Maak elke erediens 'n geloofsbelewenis

*Woord en Fees* – Advent 2024 tot Koninkrykstyd 2025 – is die perfekte hulpmiddel vir elke leraar, gemeenteleier, liturg en verkondiger van die Woord in die ontwikkeling van preke en vir die voorbereiding van eredienste en ander geloofsbyeenkomste. *Woord en Fees* volg die seisoene van die kerkjaar en maak vanjaar gebruik van die teksrooster *Revised Common Lectionary*, Jaar C. ***Woord en Fees 25+*** **is digitaal beskikbaar by missio.org.za**

# WAT'S NUUS?

KALENDER | VAKATURES | AFLOSLERAARS | PREDIKANTENUUS

NG Kerk Vrystaat

**Gemeentegebeure**

Kalender | Belangrike datums

**Adverteer** hier

skakel@ngkvs.co.za

VAKATURES

AFLOS

kerkbode

**Interaktiewe Dagboek**

Deel jou dagboek hier

**Adverteer** hier

woes@mweb.co.za
023 342 6030

VAKATURES

AMPTELIK

## VRYSTAAT PREDIKANTENUUS

**BEROEP** | Dr Johan Kruger van NG Gemeente Bothaville-Noord is na NG Gemeente Hartenbos beroep. Ds Gert Victor van NG Gemeente Harrismith is na NG Gemeente Prins Albert beroep.

**BEDANK** | Ds Dubois du Toit van NG Gemeente Kestell het bedank as leraar van die NG Kerk.

**EMERITEER** | Dr Bertus Celliers van NG Gemeente Rietfontein het op 31 Desember 2024 emeriteer. Dr Riaan Stander van NG Gemeente Langenhovenpark het op 31 Desember 2024 emeriteer.

## ANDER SINODALESTREKE SE NUUS

# **Janu"worry"** lei tot plagiaat in die pastorie

**ALGEMEEN**
NG Gemeente Bainsvlei
*Ds Cobus en Annelize Hamman*



**Foto:** *Ds Cobus Hamman en sy vrou, Annelize (verskaf)*

My vrou skryf nie gewoonlik my preke nie, en ek luister as 'n reël nie eintlik wanneer sy vir my preek nie. Maar wanneer Janu"worry" se kalf in die put is, is hierdie dominee daarvan oortuig dat plagiaat in die pastorie nie 'n tugwaardige sonde is nie. My vrou het verlede week my skootrekenaar gebruik om 'n oordenking vir Bainsvlei se vrouelidmate te skryf. Haar boodskap het my geraak, waarskynlik omdat ek die leefwêreld wat sy skets só goed ken. Daarom wil ek haar oordenking (met haar medewete, maar **sonder haar goedkeuring**) as 'n laaste gedagte met julle deel.

*"'n Brander breek altyd op die rotse."*

Van hier af is die pastoriemoeder self aan die woord.

Welkom in 2025! Die langste en deurmekaarste maand van die jaar is amper verby. So baie dinge het reeds tydens die eerste 26 dae gebeur. Die Matriekklas van 2024 het hulle uitslae gekry en nou wag daar 'n hele nuwe hoofstuk om geskryf te word. Die Matriekklas van 2025 is reeds hard aan die werk en die woorde "vir oulaas" het nou deel geword van hulle alledaagse bestaan. Baie skole het die Graad 1's verwelkom met die woorde "Welkom aan die Matriekklas van 2036." Die Graad 8's het met 'n skok besef dat hulle eintlik nog klein is en toe nie alles weet nie. Ander moes weer oppak en almal groet om elders hulle studies te hervat. Die huis is leër en hulle teenwoordigheid word gemis. Sommige het die nuwe jaar alleen ingestap. 'n Vriendin van my moes haar man verlede week begrawe. Ander het ewige trou aan mekaar beloof.

Ek weet nie hoe dit die eerste paar dae in julle huise gegaan het nie, maar ek gaan my deur so 'n bietjie vir julle oopmaak.

**Lees** meer »



# KONTAK ONS

## REDAKSIE

**SAMESTELLERS**

Celicia McLean (Redakteur), **cmclean@ngkvs.co.za**
Carlie Niehaus, **carlie@ngkvs.co.za**

**LUISTER-ARTIKELS**

Mariëtte Odendaal, Mediadiensverskaffer
Revoicer (TTS)

**PROEFLESERS**

Lisma Liebenberg
Cecilia Steynberg
Magdaleen du Toit

## NUUSGEBEURE INLIGTING BYDRAES

**voor 12:00 Dinsdae**
na cmclean@ngkvs.co.za

Teken in op **VRYPOS**
Kanselleer **VRYPOS**

**NG KERK VRYSTAAT**
Departement Kommunikasie en Bemarking
**051 406 6700 (k)** | **072 151 9799 (s)**
**skakel@ngkvs.co.za**

ngkerkvrystaat.co.za

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bfn 9301
Posbus 11412, Universitas 9321

© 2025 NG Kerk Vrystaat | **VRYWARING**


#imagine
4-6 APRIL 2025
VRYSTAAT
BOTHAVILLE, NAMPO PARK
#BRING YOUR SQUAD
R750-00 SLUIT VERVOER UIT
Christenkamp vir tieners 13- 18 jaar oud

**NG KERK VRYSTAAT** | **© 2025**

Departement
KOMMUNIKASIE EN BEMARKING